



Liewe Ouers

Die afgelope drie weke het verby gesnel. Die tennisliga is vol op dreef en ons netbal- en rugbyspanne is besig om voor te berei vir die Bultfontein 7's.

Die hokkie het hulle seisoen afgesluit met wedstryde teen Goudveld en St. Dominic's. Die volgende uitslae is behaal:

HSH o.18A 0 – 0 Goudveld o.18B
HSH o.18B 0 – 1 St. Dominic's o.18C

Ons eerste seunshokkiespan het die liga gewen, terwyl die tweede hokkie meisiespan derde in hulle liga geëindig het. Ons wag nog vir die finale uitslae van die eerste meisiespan.

Baie geluk aan ons seuns met hierdie uitstekende prestasie!

TENNIS UITSLAE

Ons tennisspelers speel aanskoulike wedstryde en behaal uitstekende welslae. Hier volg die uitslae:

HSH vs. Riebeeckstad (tweede spanne)

Meisies wen 45 - 22
Seuns wen 50 - 17

HSH vs. Welkom High (tweede spanne)

Meisies verloor 13 - 54
Seuns verloor 16 - 51

HSH vs. St. Dom's (tweede spanne)

Meisies wen 50 - 17
Seuns wen 54 - 13

HSH vs. Bothaville (eerste spanne)

Meisies wen 41 - 26
Seuns wen 43 – 24

HSH vs. St. Andrew's (eerste spanne)

Meisies wen 63 - 4
Seuns wen 54 - 13

HSH vs. Sandveld (eerste spanne)

Meisies wen 53 - 14
Seuns wen 58 - 9

HSH vs Hoopstad (eerste spanne)

Meisies wen 45 - 22
Seuns wen 63 - 4

Ons eerste seuns tennisspan speel vanmiddag tuis teen Goudveld en die tweede seuns tennisspan weg teen St. Andrew's.

Baie sterkte aan ons tennisspanne!

LANDLOOP

Ses van ons landloopte neem Saterdag, 15 Augustus aan die Vrystaat landloop kampioenskappe in Bloemfontein deel.

Baie sterkte aan hierdie atlete!

HENNIEDAG:

Henniedag vind Saterdag, 15 Augustus om 08:00 plaas. Leerders ontvang 'n praktiese punt in Lewensorientering vir die betrokkenheid en of ondersteuning by buitemuurse aktiwiteite en moet asseblief hierdie wedstryde bywoon. Alle verskonings vir vooraf reëlings moet asseblief by die registeronderwyser ingehandig word.

Die busse sal die normale busroete ry. Oplaaitye sal op die busgroepe deurgegee word.

Kom geniet die dag saam met ons. Sien die aangehegte program vir die wedstrydtye.

LOOTJIEPROJEK

Baie dankie aan elke leerder wat lootjies verkoop het. Sonder julle sou die projek nie 'n sukses kon wees nie.

Baie geluk aan Ilze Benson wat die meeste lootjies verkoop het.

Die prysweners is as volg:

- Blesbok jagpakket: JP Venter
- Rooibok vleisprys: Elizabeth Prinsloo

Baie dankie aan elkeen wat ons lootjieprojek ondersteun het. Ons waardeer dit!

REKORDEKSAMEN

Die graad 12's begin Dinsdag, 25 Augustus met hulle rekordeksamen. Hulle skryf reeds volgende week die eerste vraestelle:

Woensdag, 19 Aug: English P3	14:00
Donderdag, 20 Aug: Afrikaans V3	14:00

Ons doen 'n beroep op u as ouers om ons matrikulante te ondersteun en toe te sien dat hulle goed vir elke vraestel voorberei.

PRESTEERDERS

HOKKIE

Dylan van Staden is ingesluit in die Knights hokkiespan wat deel vorm van die *Blue Runnings Sport International Field Hockey Tour* na Nederland en België.

NETBAL

Jana Ross is ingesluit in die o.19-SA Rhino netbalspan wat in Desember na Thailand toer.

Mieke Greyling is ingesluit in die *JENS Netball Invitational Team* wat later vanjaar na Engeland toer.

RUGBY

Zander Horn is ingesluit in die o.19-SA Rhino rugbyspan wat in Desember na Spanje toer.

BOOGSKIET

Malika Reyneke het tydens die Vrystaat boogskietkampioenskappe 'n brons (gr. 9 gekombineerd) en 'n silwer medalje (hoërskool dogters algeheel) verower en skiet ook 'n kolskoot op 10m. Sy beklee tans die tweede posisie onder hoërskoolmeisies in die Vrystaat en is ingesluit in die Vrystaat A-span wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gaan deelneem.

JUDO

Ruan Heins het Suid-Afrika tydens die 22ste Kurash- kampioenskappe verteenwoordig en 'n silwer medalje verower.

ROLBAL

Brandon-Dean Tolmay is ingesluit in die rolbalspan wat hierdie naweek aan die 2026 NVS Enkels Meesterstoernooi in Bethlehem gaan deelneem. Baie sterkte!

DANS

Monique Venter het tydens die AArts Danskompetisie in die groepdans 'n eerste plek met 85% behaal.

POM-POMS

Tydens die Trio Ritmefees het ons pompoms 'n tweede plek behaal! Baie geluk aan hierdie groep – ons is trots op julle!

BAIE GELUK aan al ons presteerders – ons is baie trots op elkeen van julle!

SIEN JULLE MÔRE BY HENNIEDAG!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman